# DIE SKEPPING SEISOEN 2023

## 1 September tot 4 Oktober 2023

Hierdie oorpeinsinge word aan die plaaslike Kerk gebied – parogies, skole, sodaliteite, gebedsgroepe om as ‘n hulpmiddel tot dieper nadenke, meedeling en aksie tydens die Skeppingsiesoen te dien.

Saamgestel deur: Departmente van Ekumenisme, Christelike Formasie, Kommissie vir Geregtigheid & Vrede en die Laudato Si Beweging (SA).

Afrikaanse weergawe voorberei en versorg deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie.



Liewe Broers en Susters

Die profeet Amos (5:24) roep uit: "…. Laat die reg voortrol soos water en die geregtigheid soos 'n standhoudende stroom!" Ons word opgeroep om by dié stroom van geregtigheid en vrede aan te sluit, om te erken dat klimaat en ekologiese kwessies saak maak, en om op te staan en saam met die gemeenskappe wat die ergste onder klimaat onreg en die verlies aan biodiversiteit ly, uit te praat.

As Godsvolk moet ons deur gebed en deur saam aksie te neem namens die hele Skepping werk. Ons moet daarna strewe om dié magtige rivier te word wat die skepping wat God aan ons toevertrou het beskerm en bewaar.

Ons vier die Skeppingseisoen vanaf 1 September tot en met 4 Oktober. Ons word opgeroep om oor reg en geregtigheid na te dink, nie net vir die mensdom nie, maar vir die hele skepping. Geregtigheid, wat gepaard gaan met vrede, roep ons op om ons ekologiese sondes te bely en ons houding en ingesteldheid teenoor die skepping en die impak van ons aksies daarop te verander.

Regverdigheid beteken dat ons in vrede en nie in konflik nie met die skepping sal saamlewe. "Sjalom" behels nie net die afwesigheid van konflik nie, maar 'n positiewe, lewensvervullende verhouding met God, onsself, die samelewing en die hele skepping. Die Pastorale Plan nooi ons uit om ons omgewing as deel van God se skepping raak te sien. Dit is ons Christelike plig om op te tree en die skade te probeer herstel wat alreeds sigbaar aangerig is deur natuurlike rampe. Ons moet sorg dra vir die omgewing, deur die aarde se hulpbronne verantwoordelik te benut, die gebruik van nie-afbreekbare items te verminder, herwinning te onderneem en die skoonheid van die omgewing te waardeer (2019:58). Ons moet 'n Evangelie van Lewe aan die hele skepping verkondig.

Ons begin deur die kruis te oorpeins. 'n Kruis versinnebeeld harmonie, ons diep en onlosmaaklike verbintenis met die skepping. Pous Franciskus sê dat net soos die hartklop van ongebore baba's in hul moeder se skoot ooreenstem en in harmonie klop met dié van hul moeders, net so kan ons die moederlike hartklop van ons aarde aanvoel. Hy roep ons op tot die geregtigheid om ons verhouding met God, met mekaar en met die skepping en onsself te herstel. Ons vorm deel van alle lewe (LS 66).

Soos ons met hierdie Seisoen begin, dink ons na oor die stroom van geregtigheid, wat in elkeen van ons opwel en deurvloei na elke hart, waar dit lewe aan die mens en die skepping gee. As God se volk moet ons as Sinodale mense saamwerk, deur na mekaar en ons omgewing om te sien. Laat die reg en geregtigheid en die vrede oor ons heers.

---

Bronne:
Laudato Si' (24 May 2015) | Francis (vatican.va)
Laudato Si' Action (laudatosiactionplatform.org)
www.catholicclimatecovenant.org/resources/laudato-si;
www.laudatosi.org/laudato-si/laudato-si-movement

# Openingsgebed



## Laudato Si Gebed

Skepper van Alles,
Uit u liefdesgemeenskap
het die lewe ontspri
en so het die hele kosmos tot stand gekom.
Op dié Aarde, oorstroom van liefde,
het die Woord vlees geword
en met lewegewende waters uitgevloei
om vrede en geregtigheid
vir die hele skepping te verkondig.
U het die mens opgeroep
om u tuin te versorg en te bewerk.
U het ons in ‘n regte verhouding
met elke skepsel geplaas,
maar ons het nie op die noodkreet van die Aarde
en die hulpgeroep van die kwesbaarstes aggeslaan nie
Dit is ons wat die voortvloeiende liefdesgemeenskap
verbreek het en teen U gesondig het
deur nie die toestande wat lewe moontlik maak
te bewaar nie.
Ons treur oor die uitsterf van ons medeskepsels
en die verlies aan hul habitat,
ons rou oor die verlies aan menslike kulture,
saam met al die lewens wat verdryf is
en die plekke wat lewe kon onderhou het
wat NOU tot niet gegaan het.
Met pyn aanskou ons die ekonomie van
dood, oorlog en geweld,
wat ons oor onsself en die Aarde gebring het.
Open ons ore vir u skeppende, versoenende
en heilsame Woord,
wat deur die boek van die Skrif
en die boek van die skepping tot ons roep.
Seën ons weereens met u lewegewende water
sodat die Skeppergees geregtigheid en vrede
in ons harte sal laat opborrel en laat oorvloei
in die hele skepping.
Open ons harte om die lewende water
van God se geregtigheid en vrede te ontvang,
en om dit te deel met al ons broers en susters
wat in ellende verkeer,
asook alle skepsels rondom ons
en die ganse skepping.
Seën ons sodat ons saam met
alle mense van goeie wil
die pad sal aandurf om te verseker dat
die verskillende strome van God se geregtigheid en
vrede saam mag vloei tot ‘n magtige rivier
oor die hele Aarde heen.
In die naam van die Een wat gekom het om
die blye boodskap aan die hele skepping te
verkondig, Jesus Christus. Amen.

# Slotgebed




## 'n Gebed vir ons Aarde

Almagtige God,
U is oral aanwesig;
in die uitgestrektheid van die heelal
en in die kleinste van u skepsels.
In teerheid omhels U alles wat bestaan.

Stort u liefdeskrag ook uit oor ons,
sodat ons die lewe en skoonheid sal beskerm.
Vervul ons met vrede,
sodat ons as broers en susters saam mag lewe
en niemand skade aandoen nie.

O God van die armes,
help ons om hulle te red
wat op hierdie aarde verstote en vergete is,
maar so kosbaar is in u oë.

Genees ons,
sodat ons die wêreld sal beskerm
en nie uitbuit nie,
sodat ons skoonheid sal saai
en nie besoedeling en verwoesting nie.

Raak die harte aan van hulle wat net wins najaag
ten koste van die armes en van die aarde.
Leer ons om die waarde van elke ding raak te sien,
sodat ons vol verwondering tot besinning sal kom
en insien dat ons, op ons weg na u oneindige lig,
ten diepste verbonde is met alle skepsels.

Ons dank U dat U elke dag met ons is.
Ons bid U: Versterk ons in ons stryd
vir reg, liefde en vrede.

Uit Laudato Si deur Pous Franciskus

# Eerste Week van die Skeppingseisoen – Vanaf 3 September 2023



**Vanaf die Kruis vloei daar geregtigheid vir die hele skepping**

**GESANG** (Wat pas by ons Sorg vir die Skepping)
*Begin met 'n intree gesang, die openingsgebed en die voorlesing uit die Heilige Skrif.*

**OPENINGSGEBED:** (Laudato Si Gebed)

**SONDAG SKRIFLESINGS:** Jer 20, 7-9; Rom 12,1-2; Matt 16,21-27.
St Paulus vra ons om nie die dinge van dié wêreld as model vir ons optrede te neem nie. Hy moedig ons aan tot 'n 'verandering van ons gedrag.' Ons kan nie net met die stroom saamgesleur word nie, dit is ons Christelike plig om in te gryp om die vernietiging van ons omgewing stop te sit. Soos Jeremia moet ons brand met ywer soos ons nadink oor die regte verhouding tussen die mens en die skepping. Ons moet onstuitbaar wees, opstaan teen dit wat verkeerd is en ons gedrag daarby aanpas. Uit hierdie donkerte sal daar nuwe hoop ontstaan vir 'n regverdige en vreedsame wêreld.

# Eerste Week van die Skeppingseisoen – Vanaf 3 September 2023

Net soos Jesus, word ons daartoe geroep om met passie die geregtigheid en vrede van God se Koninkryk te verkondig en ons so te beywer vir ‘n beter verhouding met die skeppping. Dit beteken dat ons dikwels standpunt sal moet inneem teen dit wat die meerderheid se opinie is. In sy boodskap vir dié seisoen moedig pous Franciskus ons aan om die stroom van geregtigheid binne te gaan, en nie hulle na te volg wat besig om die natuur te verwoes nie. Ons doen dit deur, ‘ons leefstyl te verander en ‘n openbare beleid en aksie voor te staan wat ons sorg vir die skepping bevorder’.

As ons lief is vir Jesus, sal ons ook ons kruise opneem en Hom volg. Laat reg aan die skepping geskied!

**OORPEINSING UIT LAUDATO SI (LS)**

- L**S 8.** Die Ekumeniese Patriarg Bartholomeus het gesê dat elkeen van ons behoefte het aan berou vir al die kere toe ons die planeet skade aangedoen het, vir “sover ons almal klein ekologiese skade veroorsaak…” word ons geroep “…. Om ons aandeel, hoe klein of groot tot die misvorming en die vernietiging van die skepping.” te erken … “want ‘n misdaad teen die natuurlike wêreld is ‘n sonde teen onsself en teen God.”
- L**S 9.** As Christene word ons ook daartoe geroep “om die wêreld te aanvaar as ‘n sakrament van gemeenskap, as ‘n manier om op wêreldwye vlak met God en ons naaste te deel. Dit is ons nederige oortuiging dat die goddelike en menslike mekaar in sowel die kleinste detail van die naatlose kleed van God se skepping as in die geringste stofdeeltjie van ons planeet ontmoet.”

**MOONTLIKE AKSIES OM REG AAN DIE SKEPPING TE LAAT GESKIED: ONS PLEIDOOI**

- Versprei die Woord; sluit aan by die bewusmakingsaksies van ander Christelike kerkverbande, godsdienstige en gemeenskapsgroepe om die saak vir ‘n skoon omgewing te bepleit en
- stel optrede voor wat ons sorg vir die skepping sal bevorder asook vir die opruiming van ons woonbuurte (maak ‘n datum vas vir die skoonmaak van die woonbuurt)
- Hoe kan ek (ons) ‘n invloed uitoefen op ons weggooi-kultuur van besoedeling en vermorsing?
- Wat kan ek (ons) hierdie week doen om dit wat hierbo gedeel is in werking te stel?

**SPONTANE GEBEDE:**
*Gee tyd aan diegene wat ‘n voorbede namens die groep wil bid.  Onse Vader… Wees gegroet Maria…*

**SLOTGEBED:** (’n Gebed vir ons aarde).

# Tweede Week van die Skeppingseisoen – Vanaf 10 September 2023



**Geregtigheid beteken om in harmonie met God se skepping te leef**

**GESANG** (Wat pas by ons Sorg vir die Skepping)
*Begin met 'n intree gesang, die openingsgebed en die voorlesing uit die Heilige Skrif.*

**OPENINGSGEBED:** (Laudato Si Gebed)

**SONDAG SKRIFLESINGS: : Eseg 33, 7-9; Ps 94, 1-2. 6-7. 8-9. Rom 13, 8-10. Matt 18, 15-20.**
*Die vernietiging van en vernielsugtige optrede teenoor die skepping, is ekologiese sonde,* sê Pous Franciskus. Gekonfronteer met volgehoue hardkoppige en boosaardige gedrag, roep Esegiël ons op om hulle wat kwaad doen aan te spreek. Dit is geen maklike taak nie, want ons kan maklik in die keuse val om te moet vergewe om te kan vergeet, of deur moeg te raak en net nie meer die boosheid rondom ons raak te sien nie.

# Tweede Week van die Skeppingseisoen – Vanaf 10 September 2023

In hierdie Skeppingseisoen bring die blye boodskap ons die nuus dat daar wel ‘n geneesmiddel is. Jesus leer ons hoe om die waarheid in liefde te spreek vir die groter welsyn van almal. *Die bestemming van die hele skepping hang saam met die geheimenis van Christus (LS 99)*. Ons skuld mekaar niks, behalwe om mekaar lief te hê, want hy wat sy naaste liefhet vervul die wet. “*Die ergste tragedie is nie die verdrukking en wreedheid van slegte mense nie, maar die stilswye van goeie mense.*” (Dr Martin Luther King Jr). Die Skeppingseisoen bied ons ‘n geleentheid om oor die volgehoue sondes teenoor die skepping na te dink en om self die regte aksies te neem om vir die skepping te sorg. Ons word daartoe geroep om bewakers van ons gemeenskaplike tuiste te wees.

**OORPEINSING UIT LAUDATO SI (LS)**

- Ons moet erken dat ons omgewing ernstig beskadig is deur menslike gierigheid, asook die feit dat daar baie mense is wat te bang is om teen dié misbruik op te staan: die wêreld is besig om al hoe warmer te word, rampspoedige vloede kom selfs in ons land voor en armoede en vullis is besig om ons omgewing te verwoes. Dit is duidelik dat ons huidige manier van lewe nie reg aan die skepping laat geskied nie.
- Nogtans het die noodkreet van die aarde en die hulpgeroep van die armes nog nie werklik tot ons harte deurgedring nie. Ons leef net nie in die regte verhouding met die jongmense wat nou grootword nie, want “*wat ons aan die volgende generasies nalaat is miskien niks anders as puin, verwoesting en afval nie*” *(LS 161).*
- Die mensdom moet wakker skrik en besef dat daar ‘n verandering sal moet kom in ons leefstyl, produksie en verbruik. Dit is al hoe ons die verwarming sal kan stopsit of ten minste nie verder vererger nie.”*Die klimaat is die gemeenskaplike besitting van ons almal en vir ons almal" (LS 23).*
- *Die klimaat krisis is ten diepste ‘n geestelike krisis. Dit vra dat ons as Christene pogings sal aanwend om die stand van ons omgewing te evalueer, en weereens in kinderlike verwondering voor die grootsheid en skoonheid van God se gawe te staan* (Aartsbiskop Dermot Farrell).
- *LS 25…daar heers grootskaalse onverskilligheid teenoor …die lyding en ellende wat ander op hierdie tydstip regoor die wêreld moet verduur.* Die feit dat daar so selde gereageer word op die tragedies wat ons broers en susters oorkom, dui op ‘n verlies van ‘n verantwoordelikheidsgevoel teenoor ons medemens, iets waarop elke gesonde burgerlike samelewing gegrond is·

# Tweede Week van die Skeppingseisoen – Vanaf 10 September 2023

**MOONTLIKE AKSIES OM REG AAN DIE SKEPPING TE LAAT GESKIED: ONS PLEIDOOI**

- Identifiseer 'n plek wat in 'n natuurpark of wandelroete omskep kan word.
- Nader plaaslike politieke leiers vir hul dienste met dié omskepping van die omgewig.
- Organiseer 'n gemeenskaplike opruimingsaksie.
- Wat kan ek (ons) hierdie week doen om die bogenoemde prakties uit te leef?

**SPONTANE GEBEDE:**
Gee tyd aan diegene wat 'n voorbede namens die groep wil bid. Onse Vader... Wees gegroet Maria...

**SLOTGEBED:** ('n Gebed vir ons aarde).



# Derde Week van die Skeppingseisoen – Vanaf 17 September 2023



***"Moenie rommel strooi nie, sit dit in 'n drom!"***
**Om reg aan die skepping te laat geskied**

**GESANG** (Wat pas by ons Sorg vir die Skepping)
*Begin met 'n intree gesang, die openingsgebed en die voorlesing uit die Heilige Skrif.*

s**OPENINGSGEBED:** (Laudato Si Gebed)

**SONDAG SKRIFLESINGS: : Sir 27, 33-28, 9; Rom 14, 7-9. Matt 18, 21-35**
Politieke gesag is traag om teen besoedeling op te tree. Daar is *die storting van fossiel brandstowwe, veral olie en steenkool, wat ons omgewing vervuil en skoongemaak en summier vervang moet word... (LS 165).* Ons sal 'n gesprek met alle belanghebbendes moet aangaan, veral daar waar die magtiges die armes verdruk en uitbuit en hulle hulpelose stemme stilmaak as *'n voorkomende maatreël (LS 183).* Die Heer roep ons om sy voorbeeld te volg, "*Genadig en barmhartig is die Here, lankmoedig en standvastig in sy liefde. Die Here is vir almal vrygewig en het meegevoel met alles wat Hy gemaak het*" *(Ps 145,8-9).*

# Derde Week van die Skeppingseisoen – Vanaf 17 September 2023

Die vergewensgesinde koning leer iets wat die dienskneg wat nou vry van skuld is nie snap nie. Ons groei deur die seëninge wat ons ontvang om self 'n seëning vir ander te wees. Ons moet besef dat ekologiese skuld altyd verband hou met 'n kommersiële wanbalans wat 'n uitwerking het op die omgewing (LS 151), veral met betrekking tot die presiese gawes wat met ander, en in die besonder met die armes, gedeel moet word. DIt is maklik om die boodskap te hoor sonder om die betekenis daarvan te begryp

**OORPEINSING UIT LAUDATO SI (LS)**

- In hierdie Skeppingseisoen word ons uitgenooi om daarop te let hoe ons harte miskien vasgevang is in 'n verkeerde uitkyk op die lewe, dat alles net oor onsself gaan, ons vrese en gierigheid. Ons word opgeroep tot *'n persoonlike en gemeenskaplike bekering.*
- "*Moenie mors nie, gooi dit in 'n drom*" is 'n goeie gewoonte wat ons almal gerus kan aanleer.
- Pous Franciskus sê, "*daar bestaan 'n duidelike verband tussen die bewaring van die natuur en die opbou van 'n regverdige en gelyke samelewing. Daar kan geen vernuwing in ons verhouding met die natuur plaasvind, sonder 'n vernuwing van die mensdom nie*" (Toespraak by President Uhuru Kenyatta se ampswoning, Nairobi, Kenia, Nov. 26, 2015)
- *LS 43. "In die besef dat die mens ook 'n skepsel is van hierdie wêreld met die reg op lewe en geluk, en dat hy oor 'n heel besonderse waardigheid beskik, kan ons nie nalaat om rekening te hou met die impak van die bevuiling van ons omgewing, die huidige ontwikkelingsmodelle en ons weggooikultuur, op alle menslike lewe nie."*
- As mense moet daar 'n verandering in ons manier van menswees kom. Elkeen van ons behoort die verandering te wees wat alle verandering inspireer. "*Wanneer jy jou lig laat skyn, laat jy outomaties ander dieselfde doen*" *(Marianne Williamson).*

**MOONTLIKE AKSIES OM REG AAN DIE SKEPPING TE LAAT GESKIED: ONS PLEIDOOI**

- Begin met 'n herwinningshoekie, gebruik skille en afval voedsel, hergebruik die kombuis water om die tuin nat te lei.
- Bemoedig, begin of bevorder (fisieke en virtuele) gemeenskappe wat die herwinning, hergebruik of herstel van items voorstaan.
- Gooit dit in die drom, nie op die grond nie. Moenie mors nie!
- Wat kan ek (ons) in die komende week doen om dit wat ons hierbo gedeel het prakties uit te leef?

**SPONTANE GEBEDE:**

*Gee tyd aan diegene wat 'n voorbede namens die groep wil bid. Onse Vader... Wees gegroet Maria...*

S**LOTGEBED:** (*'n Gebed vir ons aarde).*

# Vierde Week van die Skeppingseisoen – Vanaf 24 September 2023



**Die regte manier van omgaan met God se Skepping**

**GESANG** (Wat pas by ons Sorg vir die Skepping)
*Begin met ‘n intree gesang, die openingsgebed en die voorlesing uit die Heilige Skrif.*

s**OPENINGSGEBED:** (Laudato Si Gebed)

**SONDAG SKRIFLESINGS: : Jes 55: 6-9. Fil 1: 20c-24. 27a. Matt 20: 1-16a**
In hierdie Evangelieteks word God as die landheer of grondbesitter uitgebeeld, terwyl ons die arbeiders in God se wingerd is (die aarde). In hierdie Skeppingseisoen word ons opgeroep om na ons aarde om te sien, ‘*om dit te bewerk en op te pas*’ (Gen 2:15). Ons is dus die bewakers en versorgers van die skepping. Ons word uitgenooi om na te dink oor ons verantwoordelikheid om saam met die aarde vir ons voedsel te sorg, die produktiwiteit van die aarde hang af van hoe ons die grond versorg en vir die huidige en toekomstige generasies bewaar.

St. Paulus verklaar dat ons onsself dikwels in ‘n dilemma bevind, maar dit moet nie ons optrede bepaal nie. Wat ons optrede moet bepaal, m.a.w. ons maatstaf, is Christus en die visie wat Hy vir ons almal het; Om God en ons naaste lief te hê behoort ons leuse vir die verbetering van almal se lewensgehalte te wees. As Christene moet ons optrede en gedrag die Evangelie van Christus waardig wees.
Ons moet omgee vir die armes wat die lande bewerk en self nie dit wat geoes word kan bekostig nie. Ons moet nadink oor die krisis wat daartoe lei dat die rykes ryker word en die armes al hoe dieper verval in die afgrond van armoede.

# Vierde Week van die Skeppingseisoen – Vanaf 24 September 2023

**OORPEINSING UIT LAUDATO SI (LS)**

- Inkomste behoort nie die maatstaf van die verhouding tussen grondbesitter en arbeiders te wees nie. Almal van ons moet saamwerk om die tuin van die wêreld te bewerk *as bewakers en versorgers van God se skepping en dit namens die liefdevolle Skepper doen (LS 67-ff).*
- Pous Franciskus roep ons op om met moed na te dink oor hoe ons reg en vrede aan die aarde kan laat geskied. Hy pleit dat ons sal luister na die 'noodkreet van die armes en van die aarde.' Hy lewer 'n pleidooi vir die heelal as 'ons gemeenskaplike tuiste' en die vrugte en voordeel wat ons daaruit haal as '*ons gemeenskaplike doelwit*' (LS 93).
- LS 30 Daar heers vandag 'n wanbalans in die wêreld waar "*mag reg is*" (LS 82) ….en hulpbronne in die hande van die magtiges opeindig, waar dié wat die magtigste is altyd die wenners is en alles vir hulleself neem. Die ideale van harmonie, geregtigheid, broederskap en vrede soos Jesus dit aan ons voorhou staan lynreg teenoor dié uitbuiting van ons wêreld.


**MOONTLIKE AKSIES OM REG AAN DIE SKEPPING TE LAAT GESKIED: ONS PLEIDOOI**

- Sny 2lt plastiese houers of gebruik ou buitebande, vul dit met grond, en plant 'n potplant daarin of begin 'n groentetuin daarin.
- Bevorder die beoefening van herskepppende landbou.
- Herstel area's wat as gevolg van oorbeweiding of 'n nie-bewaringsgesindheid onder erosie ly.
- Wat kan ek (ons) hierdie week doen om dit wat hierbo gedeel is prakties uit te leef?

**SPONTANE GEBEDE:**

*Gee tyd aan diegene wat 'n voorbede namens die groep wil bid. Onse Vader… Wees gegroet Maria…*

S**LOTGEBED:** (*'n Gebed vir ons aarde).*



# Vyfde Week van die Skeppingseisoen – Vanaf 1 Oktober 2023



**Dit is God se Wil om reg aan die Skepping te laat geskied**

**GESANG** (Wat pas by ons Sorg vir die Skepping)
*Begin met 'n intree gesang, die openingsgebed en die voorlesing uit die Heilige Skrif.*

s**OPENINGSGEBED:** (Laudato Si Gebed)

**SONDAG SKRIFLESINGS: : Eseg. 18, 25-28. Fil 2, 1-11 (or 2, 1-5). Matt 21, 28-32**
Die hele Skeppingseisoen neem die woorde van die profeet Amos as inspirasie; "*laat die reg voortrol soos water en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom*"(5:24). As Christene word ons opgeroep om by die stroom van geregtigheid en vrede aan te sluit; dit beteken om te aanvaar dat ons klimaat in 'n krisis verkeer en dit beteken ook dat ons onsself moet beywer vir ekologiese geregtigheid en ook opstaan vir hulle wie se stemme nie gehoor word nie. Soos ons die Skeppingseisoen afsluit, word Jesus se vraag baie belangrik "*Wie het die wil van die Vader gedoen?*" Ons kan nie bekostig om op die kantlyn te staan en niks omtrent die toekoms van die skepping te doen nie.

Die profeet Esegiël waarsku ons en ons kan nie langer aanvoer dat die krisis wat ons nou in die gesig staar veroorsaak word deur die feit dat die Here onregverdig is nie. Dit is ons aksies wat onregverdig is, ons het ons rug gedraai op die samehang, verbintenis en harmonie van God se skepping. St. Paulus sê, "*maak dan my blydskap volkome deur eensgesind te wees – een in liefde, een van gees, een in denke; deur nie iets uit selfsug of ydelheid te doen nie, maar in nederigheid die een die ander hoër te ag as homself; deur elkeen nie net na sy eie belange om te sien nie, maar ook na dié van ander. Laat dan die gesindheid wat daar in Christus Jesus was, ook in julle wees.*" (Fil 2,4-5).

# Vyfde Week van die Skeppingseisoen – Vanaf 1 Oktober 2023

**Na wie se stem sal jy luister? Wat gaan jy doen?**
Die Psalmdigter sing: '*Lei my in u waarheid, onderrig my, want U is die God wat my red*" **(Ps 25,5).**

**OORPEINSING UIT LAUDATO SI (LS)**

- Pous Franciskus se boodskap: "*Daar kan soveel vermag word*" (LS 180), solank as wat ons saamvloei soos baie strome en stroompies, wat saamvloei en 'n magtige rivier word wat die lewe van ons merkwaardige planeet en ons menslike familie vir baie toekomstige generasies kan voed.
- "Hoe kan ons 'n bydra lewer tot die magtige stroom van geregtigheid en vrede? Wat kan 'n Christen doen om ons gemeenskaplike tuiste te herstel sodat dit weereens vol lewe kan wees, 'n plek waar almal saam in vrede en harmonie kan lewe?" (Boodskap van sy heiligheid vir die Wêreld Biddag vir die Sorg van die Skepping).
- ***"Ekologiese bekering"*** – ons moet onderneem om van hart te verander. ***Ekologiese opvoeding*** – ons moet van leefstyl verander. ***Ekologiese pleidooi*** – ons moet seker maak dat lewegewende openbare beleide geïmplimenteer word. Hierdie manier van 'ekologiese spiritualiteit' is deur die heilige pous Johannes Paulus II aangemoedig en ons behoort dit ons eie te maak; "*daar moet 'n hernuwing van ons verhouding met die skepping plaasvind, sodat ons dit nie langer sien as iets om uitgebuit te word nie, maar as 'n gewyde gawe van ons Skepper wat gekoester behoort te word" en deur almal geniet word (LS 202-215)*

**MOONTLIKE AKSIES OM REG AAN DIE SKEPPING TE LAAT GESKIED: ONS PLEIDOOI**

- Reël 'n gemeenskapsaktiwiteit om 'n boom te plant, of 'n Saad Sondag of 'n buitelug erediens te hou of as groep saam die Lofsang van St. Franciskus van Assisi te bid.
- Aksies wat onderneem word behoort die volgende in te sluit: die bevordering van gelyke kanse tot opvoeding en menseregte, die aanroer van Laudato Si tema's in die gemeenskap, die aanmoediging van ekologiese leierskap (studente, opvoeders), en ekologiese herstel aktiwiteite.
- Wat kan ek (ons) hierdie week doen om dit wat hierbo gedeel is prakties uit te leef? Watter verandering het ek in dié seisoen gemaak?

**SPONTANE GEBEDE:**
*Gee tyd aan diegene wat 'n voorbede namens die groep wil bid. Onse Vader… Wees gegroet Maria…*

**SLOTGEBED:** ('*n Gebed vir ons aarde).*

